Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**André J Lamprecht**
Direktoraat: Kurrikulum AOO
Andre.Lamprecht@westerncape.gov.za | 021 467 2443

Lêerno.: 21/2/9/1/BRIDGING
Verwysing: 20240925-6994

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0008/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Koördineerders vir Intermediêre Fase/AOO, Vakadviseurs: Intermediêre Fase, en Prinsipale van alle gewone openbare en onafhanklike skole

**Onderwerp: Voorgestelde oorbruggingstrategie vir leerders wat van graad 3 na graad 4 vorder**

1. Die oorgang na ’n nuwe skoolfase kan dikwels ’n traumatiese ervaring vir leerders wees. Dit wil voorkom asof dit selfs meer van ’n uitdaging vir jonger leerders is. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) is besorg dat, teen die agtergrond van leerverliese, die oorgang van graad 3 na graad 4 in 2025 ’n groot uitdaging vir leerders kan wees.

2. Die Direktoraat: Kurrikulum Algemene Onderwys en Opleiding van die WKOD het ook die ontwikkeling en ondersteuning van graad 4-leerders en -opvoeders in 2025 geïdentifiseer as ’n doelwit wat prioriteit moet geniet. Die eerste vlak van ontwikkeling en ondersteuning in 2025 sal op die vlot oorgang van leerders van graad 3 na graad 4 fokus, gevolg deur leiding en ondersteuning aan graad 4-opvoeders.

3. Die proses sal in Kwartaal 4 met die voorgestelde gestruktureerde oorbrugging begin en sal uiteengesit word om die verskillende vlakke en fases te rig:
   - Beplanning vir Kwartaal 4 van 2024
   - Voorbereidings vir die week van 25 November 2024
   - Die oorhandiging van leerders van graad 3-opvoeders aan graad 4-opvoeders
   - Voorbereidings vir die Graad 4-Opedag
   - Prosedure vir die Opedag
   - Bespreking en verduideliking van inligting in brosjure vir ouers van graad 4-leerders.

4. Die oorbruggingsproses word in **Bylae A** in meer besonderhede verduidelik.


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

5. Prinsipale word vriendelik versoek om hierdie minuut onder die aandag van skoolbestuurspanne en graad 3- en graad 4-opvoeders te bring.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-09-27